*Vrydag* **11 Julie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 16:1-30**
**Fokusgedeelte: Eksodus 16:4**
**Jubel in die Here – Die almagtige Here versorg sy kinders**

Na slegs enkele weke in die woestyn, begin die Israeliete by Moses en voor God kla en mor oor die kosvoorrade wat opraak. In plaas van die vloek oor hulle te bring, soos wat hulle verdien, gee God uit genade aan hulle brood uit die hemel. God se versorgende genade oor die mens strek baie wyer as net die tasbare en eetbare middele. God openbaar dat Hy hulle nie net uit Egipte verlos het nie, maar beslis hulle aanhou sal versorg.

As verlostes in Jesus Christus verkry ons hiermee opnuut die versekering dat God ons by die verworwe verlossing in Jesus Christus ook verder beskut en bewaar. Hy laat nie vaar die werke van sy hande nie. Na sy kruisiging en opstanding uit die graf volg dan ook sy hemelvaart. Dit is tot ons voordeel dat Hy na sy Vader moes gaan om vandaar die Heilige Gees na ons te stuur. Deur die Heilige Gees laat Hy ons ook vandag sy almag en heerlikheid sien. Jesus Christus is die ware brood uit die hemel. Hyself het gesê: *“Ek is die brood van die lewe”* (Joh. 6:35). Dit beteken dat Hy aan ons die lewe gee. Die ware lewe, die ewige lewe, is ’n geskenk uit sy almagtige hand. Niks en niemand kan dit ons ontneem nie.

Ons leef en sal leef, al moet ons ook sterf. Ons weet dit vir seker omdat ons deur die kragtige werking van die Heilige Gees in Christus, die brood van die lewe, glo. Ons kan saam met Paulus dankbaar en jubelend uitroep: *“Wat sal ons dan hiervan sê:? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie”* (Rom. 8:31-32).

*Sing: Psalm 107-1:1, 4*
*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*